Konvensionele Ploeg - Opsommende reëls

Hierdie opsomming moet saam met die beoordelingsvorm gebruik word.

- Trekker en ploeg moet 30jr of ouer wees.
- Slegs 2 of 3 skaar ploeë .
- Sleep of 3 punt ploeg met minimum snywydte 12" (300 mm).
- Plotjie: Maksimum 100 x 20 meter en Minimum 60 x 12 meter.
- Organiseerders moet die koppe van die plotjies merk bv. Vlakploeg.
- Merkerpaaltjies – slegs 3 toegelaat.
- Helper toegelaat met die uitsit van merkers – geen hulp verder toegelaat.
- Diepte tussen 6" en 8 " (150mm en 200mm).
- Diepte word 2m en verder van die punt af gemeet.
- Totale tyd toegelaat: Openingsvoor 20 min
  Res van plot 2 uur 40 min
  Totaal 3 uur

- Land moet van links na regs geploeg word.
- Waar moontlik moet almal gelyk begin ploeg.

Ploeg

1. **Oopsny voor** (op en af m.a.w. een draai)
   a. Doel om alle onkruid af te sny.
   b. Diepte 3" (75 mm)
   c. Breedte – so breed as 2 skare
   d. Oopsnyvoor moet regoor die plotmerker wees.

   Beoordeel die oopsny voor.

2. **Aanvoor**
   a. Aanvoor moet regoor die plotmerker wees.
   b. 2 Skaarploeg moet 4 draaie maak en 3 skaarploeg moet 3 draaie maak.

   Beoordeel die aanvoor.

3. **Ploeg**
   Die ploegman gebruik nou die deelnemer aan sy regterkant se laaste voor van sy aanvoor om sy eie plotjie klaar te ploeg.
   Die eerste 2 gange aan sy buurman se kant word net beoordeel wat onkruid en stoppels betref.

   Beoordeel die ploeg.

4. **Holvoor**
   a. Diepte – mag vlakker wees as die res van die ploegwerk.
   b. Breedte – so breed as wat 1 skaar sny.
   c. Laaste vore moet na die aanvoor toe geploeg word.
   d. Ploegman mag om die land ry om die holvoor reg te kry.

   Beoordeel die holvoor.

5. **In en Uit**
   a. Gelyk – Kyk of die insteek en uithaal gelyk is.
   b. Netjies – Kyk of die insteek en uithaal deurgans dieselfde lyk. Pasop vir 'n trap effek.
   c. Hier tel wielspore van die merk af.

6. **Algemene voorkoms**
   Kyk na die hele plotjie. Ooglopende foute kos punte.

7. **Behendigheid**
   Ploeg instel, spoed, trekker hantering, ken die deelnemer die reels en weet hy wat om volgende te doen.

   Beoordeel klaar.

Wenke

1. Gee die deelnemers voor die kompetisie tyd en plek om die ploeë in te stel.
2. Deelnemers moet aantekeninge maak van die verstellings.
3. Elke deelnemer moet weet hoe vinnig sy ploeg moet beweeg vir die beste resultate. Die vore en riwwe moet duidelik wys.
4. Deelnemers moet weet hoe breed sy ploeg sny om presies reg klaar te maak.
5. Deelnemers moet weet waar sny sy ploeg om die oopsny voor op die regte plek te kry.
6. Onthou 'n deelnemer mag stilhou in sy plotjie om verstellings te maak.
7. Gereedskap wat 'n deelnemer by hom behoort te hou:
    - Skraper om skare skoon te maak.
    - Maatband en tentpen.
    - Gereedskap om sy ploeg se sny te verander.
    - Drie merkers vir die aanvoor.

Notas